Redaksioneel

Reënboognasie of reënbooglewe?

Dit het al ’n cliché geword om van die inwoners van Suid-Afrika te praat as ’n *reënboognasie.* Om al die volke in Suid-Afrika te wil saamgooi en een nasie te maak as ’n reënboognasie, is vergesog. Eintlik is dit net ’n stukkie politieke kougom waarmee politici hulle kakebene aan die gang wil hou. Om alle volke in Suid-Afrika in een houer te gooi en deurmekaar te roer, gee alles behalwe iets wat soos ’n reënboog lyk.

Optiese illusie

Hou in gedagte dat jy ’n reënboog sien, maar dit bestaan nie. Jy kan nie stap en daaraan vat nie. Hoe nader jy dink jy aan die reënboog kom, hoe verder beweeg dit weg. Jy bereik die reënboog net nooit nie. ’n Reënboog is ’n optiese illusie. Wat jy sien en wat werklik bestaan, is twee verskillende dinge. As jy op ’n baie warm dag op ’n teerpad ry, lyk dit vir jou asof daar in die verte water oor die pad is. As jy daar kom, is daar niks, dit was net ’n optiese illusie, waarnemingsbedrog. Derhalwe is die belofte van ’n reënboognasie ook net ’n optiese illusie, iets wat nie bestaan nie, maar wat voorgehou word as ’n werklikheid.

Lewe deur ’n glasprisma

Die erns vir Suid-Afrika lê op ’n ander vlak wat so dikwels geïgnoreer word. Dit is: dat in Suid-Afrika gestreef moet word na ’n *reënbooglewe*, dit is Bybels waar. Dit is die roeping wat nie net tot een volk in die land kom nie, maar tot al die volkere in hulle gelowiges, sonder om polities of kultureel ’n gedwonge eenheid te wees.

’n Glasprisma word in hierdie opsig as ’n voorbeeld gebruik. ’n Glasprisma is ’n dik, driehoekige glas. Indien ’n sonstraal deur ’n glasprisma val, word die witlig opgebreek in ’n reënboog van kleure. Dit is net een sonstraal wat deur die glasprisma gaan, maar dit word opgebreek in verskillende helder kleure. Die prisma is die verdelingspunt waar die een sonstraal opgebreek word in ’n kleureskakering. Die glasprisma doen dieselfde funksie as reëndruppels tydens ’n reënbui terwyl die son skyn. As daar fout met die prisma is (gebars of misvormd), sal die opbreek van die lig wanskapig wees. ’n Foutiewe verdelingspunt het ’n misvormde reënboog tot gevolg.

Voorbeeld vir die Christen

Die prisma kan dien as voorbeeld vir die Christen. Die ligstraal van God se liefde moet in jou lewe opgebreek word in ’n verskeidenheid van fasette. Op dieselfde wyse is jou lewe op aarde ’n straal wat deur die prisma van jou hart val en dan in ’n verskeidenheid van lewenskringe opbreek. Die enigste mens wat die ware, sinvolle reënbooglewe smaak, is

hy wie se lewe op alle terreine verlig en onbelemmerd gekleur word deur die vernaamste verdelingspunt in die lewe: Christus. Christus moet jou hart beheers (Spr 4:23) sodat jou lewe in elke faset daarvan Christelik bymekaar sal pas.

Ons lees in Spreuke 4:23 – *"Wees veral versigtig met wat in jou hart omgaan, want dit bepaal jou hele lewe."* Die helder lig van God se Woord moet deur die prisma van jou hart uitgestraal word oor alle lewensterreine waarop jy beweeg. Op elke besondere lewenskring moet die gepaste lig van God se Woord val. Die gelowige se leefwyse, op elke terrein van die lewe, moet terugherlei kan word na die verdelingspunt – jou hart wat deur Christus beheer word. Dis alleen moontlik as jou lewensoptredes in alles gedra word deur Christelike beginsels. As daar egter geestelik fout met jou hart is, sal daar skeeftrekkinge kom in jou verskillende lewensuitinge. Die mens moet voortdurend met waaksaamheid die kleure van sy lewenswandel toets aan die verdelingsprisma van sy lewe. Die "prisma" van sy lewe gaan sy wyse van optrede en die betekenis en sinvolheid van sy lewe bepaal.

'n Misvormde lewensreënboog

Vanweë die sonde kom daar barste en glesse in die prisma van die hart (Spr 4:23) wat 'n misvormde lewensoptrede tot gevolg het wat nie pas by die geloof nie. 'n Misvormde hart bring 'n misvormde lewensreënboog voort. Dan kom jou lewensdade nie ooreen met jou geloofsbelydenis nie, wat die bewys is dat jou geloofsbelydenis net voorgee is. Die verskeidenheid lewensdade in jou lewe is dan allermins georden, gesinkroniseer, inspirerend en suiwer.

'n Sinvolle reënbooglewe

Die enigste mens wat die ware, sinvolle reënbooglewe smaak, is hy wie se lewe op alle terreine verlig word en onbelemmerd gekleur word deur dié sentrale verdelingspunt van sy lewe: Jesus Christus. Dan pas elke lewensfaset van jou bymekaar en vorm dit 'n eenheid (reënboog) met jou geloofsbelydenis en die inhoud van die Skrif.

Hoe kan jy weet of dit die geval is in jou eie lewe? Dit is maklik om uit te vind! Stel net vas of jou woorde en dade op elke terrein van die lewe terugherlei kan word na die *verdelingspunt* – jou hart wat deur Christus beheer word. Dit is alleen moontlik indien jou maniere van optrede met geld, met liefde, met taal, met kuns, met arbeid, met ontspanning, ja, elke lewensfaset, gedra word deur beginsels wat geput is uit Gods Woord, beginsels wat kleurvol en in harmonie hulle oorsprong vind in die prisma van jou lewe: Jesus Christus.

'n Volmaakte reënboogbeeld geskep

In Genesis 1:26 maak God bekend dat Hy die mens geskep het as 'n volmaakte reënboogbeeld – "… na ons beeld, na ons gelykenis." In die sondeval het die mens soos 'n kristalglas geval en is gebreek, gebars en skeefgetrek. Toe is jou verdelingspunt in die diepste van sy bestaan verwring en misvorm. Jou Herskepper, Jesus Christus, bring deur sy lyde, dood en opstanding weer harmonie en herstel in jou lewe, die kleurvolheid waarin jy geskape is. Jy moet nou voortdurend met waaksaamheid en toewyding telkens jou lewenswandel toets aan die verdelingsprisma van jou lewe. [DK]